## *Joh'burgse Spoorweg-stasie.*

Johannesburg sal dan tog uiteindelik sy langverbeide spoorwegstasie kry,—wat die tweede grootste gebou word in die Unie, en aan uiterlike sierlikheid ook nie sal mankeer nie. Joh'burg het lang daarvoor gespook, en mag gelukgewens word dat alle moeilikhede nou uit die weggeruim, en die werk tans aangevang word.

Die teenwoordige stasie is vir die grootste deel nog die werk van die ou Z.A.S.M. en as daar één plek is in die Unie wat 'n goeie, modern ingerigte stasie nodig het, dan is dit Johannesburg.

Die boumeesters is twee Pretoriase seuns, wat hul vak in die ou-Wereld geleer het, en dit knap verstaan, nml. die here Gerard Moerdyk en Gordon Leith, albei kwekelinge van Herbert Baker, manne van smaak, wat albei al werk gelewer het waarna mens mag kyk. En ons reken dat hierdie werk nooit aan beter hande toevertrou kon gewees het nie. Hulle het hier ook 'n kans om te laatsien wat hul eintlik met groot-geboue presteer.

Die nuwe stasie sal 'n halfmiljoen kos, word byna dadelik aangevang, en sal oor vier jaar klaarkom. In verband met die slopingswerk wat reeds aangevang het, word verseker dat 'n poging gedaan sal word om die ou telefoon-toren, na die stad se kant-toe, te bewaar;—waarom weet ons nie eintlik nie, want mooi is die ding seker nie, nuttig nog minder, en dit staan net in die pad. Wat ons graag gehandhaaf sou sien, is die opskrifte aan die mure van die twee eetsale van die teenwoordige stasie-gebou. Dit is met verf op hout aangebreng, en sou miskien ewe maklik kan verhuis na die want van die grote, moderne binneruimte van die nuwe stasie.